# STAATSABSOLUTISME.

*Ds. S. J. Stander.*

Die vele en verwarde probleme op die verskillende terreine van die lewe, waarop die teenswoordige mensdom geroepe is om hom te beweeg, het vir die suiwere en ongekunstelde Afrikaner, met sy eienaardige temperament en insigte, met sy besondere omstandighede en ontwikkeling, 'n besondere sin. Want hy is in baie opsigte uniek, en staan teenoor besondere vraagstukke en moeilikhede, wat ander nie het nie, of wat ander hoogstens slegs ten dele het. Die wording en geskiedenis van die Afrikaner, sy topografiese en etnologiese posisie, die vorming van sy oortuiginge en ideale is soveel anders as die van die meeste ander volkere, dat hulle hom dikwels slegs gebrekkig en meestal verkeerd verstaan. Dit besef ons veral as ander in ons land die Afrikaner wil voorskryf hoe hy sy moeilike en ingewikkelde probleme moet oplos. Die besonder voorligting en leiding, wat hy nodig het, kan eintlik alleen gegee word deur iemand, wat die Afrikaner reg verstaan en reg waardeer, deur iemand dus, wat (liefs) self 'n egte Afrikaner is.

Die boek *Koers in die Krisis* word geskryf meestal deur Afrikaners vir Afrikaners ten einde voorligting te verstrek te midde van die vraagstukke op verskillende lewensgebiede. Hierdie artikel bring ons op die gebied van die staatslewe en is bedoel om op eenvoudige en populêre wyse lig te bied nie aan die hoog wetenskaplike, wat dinge beter weet nie, maar aan die alledaagse lid van die Afrikanernasie ten einde hom op sy hoede te stel vir dwaalweë, en om vir hom die rigting aan te dui wat hy dien in te slaan sodat hy nie op sypaadjies verdwaal, of die Afrikaner-koers kwytraak en so sy bestemming mis nie. Want anders sal hy nie in staat wees om sy deel by te dra vir die verkryging van die ideaal, nl. dat sy volk sy bestemming bereik nie. Sy volk, immers, is numeriek klein; en wat so aan getalle kortkom moet deur oortuiging, geloofs- en dadekrag vergoed word. Ons moet daarom Afrikaners hê, voor die voet —as dit kan—goed onderlê en toegerus, waarvan elkeen weet wat wat is, waar dit heen moet, en hoe om bes daar te kom; wat weet, wat die gevare is wat met oog op die bereiking van sy ideaal vermy en afgeweer moet word, en hoe dit gedoen moet word.

Die onderwerp waaroor hierdie artikel handel is „staatsabsolutisme.'' Dit is 'n onderwerp van lewensbelang, in besonder vir die Afrikaner vandag,* waar hy deur die voortwoeke-

* Geskryf voor die uitbreek van die oorlog. — Red.

ring van die staatsalmag in sy land bedreig word. Ons moet ons afvra, wat is die staat, wat is sy gebied, waaroor hy bevoegd is, wat is die grense waaroorheen hy nie mag gaan nie, en wat is die gevare, as die staat hierdie perke oorskry en absoluut, onbeperk, wil heers. Ons moet duidelik sien, hoe die staat in ons land sy perke te buite gaan, en hoe ons dit moet keer.

* * *

Die staat is 'n instelling, 'n verbinding van mense naas die gesin, die kerk, en ander instellinge. Elke instelling het sy eie *taak, wat aan hom alleen* behoort. Die taak van die staat is nie om die ander instellinge te oorheers nie, maar om toe te sien dat orde en reg gehandhaaf word. Want deur die sonde is die mense geneig om die regte van ander hom toe te eien, 'n gevaar vir ander te word, en die staat moet sorg dra dat die regte van elkeen geëerbiedig word, sodat elke burger en elke instelling vry sy pligte kan doen en vry kan ontwikkel. Die staat moet nie net orde en reg handhaaf nie, maar moet ook geleentheid en voorwaardes skep, waarin sy burgers en die ander instellinge gunstig kan ontwikkel; hy moet help om alles wat hierdie ontwikkeling strem, te oorwin. Maar die staat het geen seggenskap oor die Kerk, oor die private gesinslewe, oor die geloof en die gewete van die mens, ens., nie; hy mag hulle nie oorheers nie, maar moet hulle vry laat om hul eie ideale uit te werk en hul regte te verwesenlik. Die staat is, van Calvinistiese oogpunt beskou, gebonde aan die ordinansieë van God, waarop die Heilige Skrif besondere lig gee.

Die staat kan egter sy gebied van regshandhawing oorskry en oor die mens se persoonlike lewe en oor die besondere gebied van ander instellinge probeer heers deur self te wil doen, wat eintlik hulle taak is, en nie die taak van die staat nie. Dan spreek ons van staatsabsolutisme. Staatsabsolutisme kry ons waar die staat vir hom die monopolie en opperheerskappy oor al wyer gebied begin toe-eien, sodat hy langsamerhand alleenseggenskap verkry, en alle terreine van die lewe (ook die van die kerk, van die gesin, van die skool, van die enkele mens) oorheers en sodoende feitlik 'n almagtige staat word. Dan eerbiedig die staat nie die besondere regte van ander nie en eis hy alle reg vir hom alleen op. So lê die staat naderhand sy hand op alles.

Die strewe van die staat om meer seggenskap te verkry as wat hom toekom mag in uitsonderingsgevalle miskien nodig wees, maar is daar, op sy sags gesê, nie in alle opsigte 'n ongemengde heil nie; dit is, vanuit Afrikaans-Calvinistiese standpunt gesien gevaarlik, en waar dit te ver gaan, verkeerd. Teen hierdie strewe van die staat moet gewaak en gestry word, en moet sorg gedra word, dat hierdie strewe binne veilige en regmatige perke gehou word.

Daar is feitlik allerweë *'n neiging* vandag tot staatsabsolutisme. Natuurlik is dit nie juis 'n verskynsel net van die huidige tydsperiode nie, maar is dit veeleer 'n *natuurlike drang* wat met alle menslike strewe gepaard gaan; dit het hom voorgedoen van die vroegste eeue af en wel by tye en geleenthede in minder of meerdere mate. Die ou spreekwoord lui: „Hoe meer 'n mens het, hoe meer wil hy hê.'' Dit is alom waar. Staatsabsolutisme is 'n strewe na magsuitbreiding. Die strewe na magsuitbreiding is natuurlik, en dit is ook nie in sigself in alle opsigte juis 'n verkeerde of sondige drang nie. Inteendeel, dit is gesond as 'n kind wil groot en sterk word, as 'n boer uitbrei, 'n sakeman sy bedrywighede wil vergroot en versterk; ja, as 'n mens of volk of watter soort organisasie ook al, soek na ontwikkeling en vooruitgang. Dit is 'n lewens-eis en tegelyk 'n gunstige lewens-teken. Wie hier dan ook in gebreke bly sal spoedig tot ondergang gedoem wees. Dit is daarom ook natuurlik en op sigself oppervlakkig gedink nie kwaad, as 'n staat soek na gesag- en magsuitbreiding nie. Veeleer is dit tot op sekere hoogte 'n noodsaaklike blyk van lewe en bedrywigheid wat in baie opsigte stellig lofwaardig is. Maar staatsabsolutisme is meer as net 'n verskynsel van magsuitbreiding en ontwikkeling, omdat dit nie binne die perke van sy lewensgebied bly nie, maar hom uitbrei oor die terrein van ander lewensgebiede, waar die staat geen reg en seggenskap behoort te hê nie. Die magsuitbreiding van die staatsabsolutisme beteken dat die ander gebiede oorheers en aan die staat verslaaf word en sodoende hul eie vryheid inboet. Hierdie natuurlike drang van magsuitbreiding en ontwikkeling word by die staatsabsolutisme 'n drang tot oorheersing en alleenseggenskap; en hierdie drang is verkeerd.

Veral waar die staat vir sy burgers of vir ander instellinge geleentheid moet skep om vooruit te gaan en hul belange te behartig en soms daarvoor geldelike ondersteuning moet gee, kry ons die verskynsel dat die staat dan ook geneig is om hom meer seggenskap toe te eien, as wat hom toekom. Dit spreek vanself dat die staat verantwoordelik is vir die koste verbonde aan die uitvoering van sy onderneminge binne die gebied wat vir sy rekening is, en dit is ook nie meer as reg, dat die staat ook beheer uitoefen oor die onderneminge, waarvoor hy also geldelik verantwoordelik is nie. Soms neem die staat ook die verantwoordelikheid van onderneminge op hom, wat ander ook kon onderneem het, soos b.v. die spoorweë, die staatsbank, die onderwys, staatsindustrieë, ens. Dat die staat hiermee ook verantwoordelik word vir sulke onderneminge, spreek vanself. Maar waar ander groepe ook belange by sodanige onderneminge het, mag hierdie belange nie op sy gedu word nie, en moet die regte van ander in hierdie sake geëerbiedig word. As die staat b.v. die onderwys geldelik en administratief beheer, mag

die staat nie die regte en verantwoordelikheid van die ouers i.v.m. die opvoeding van hul kinders oorneem nie. Tog is die staat in sulke gevalle geneig om alleenseggenskap te eis, en die regte van ander nie te eerbiedig nie. Bowedien, waar die staat te veel op hom neem, bestaan die gevaar dat hy private inisiatief en verantwoordelikheidsgevoel smoor.

Dit is nie alleen die staat, wat skuld het aan die ontstaan en voortwoekering van staatsabsolutisme nie. Die gebrek aan pligsgevoel en werklus by ander groepe en by die mens in die algemeen, werk dit so maklik in die hand. Bowedien word so dikwels allerweë druk op die staat uitgeoefen om hom vir steeds meer verantwoordelik te stel. Van alle kante gaan roepstemme op tot die staat om nou hier en dan daar te help en in te gryp. Dit geskied meestal op gebiede, waar die mens homself moes gehelp het. Mense doen dit helaas dikwels sonder om al die nadelige gevolge vooraf te bereken, en sonder om in te sien hoe verkeerd dit is. Onder die nadelige gevolge moet nie net gereken word, dat private inisiatief en verantwoordelikheidsbesef ondermyn word nie, maar ook dat sodoende gebiede onder die beheer van die staat kom, waar hy eintlik geen reg en bevoegdheid het nie. Mense roep ook dikwels staatshulp in, waar hulle mooi en loflike, ja onmisbare ondernemings aan die gang gesit het, maar wat hulle, soos later blyk, nie aan die gang kan hou nie; dan moet hulle eindelik en noodgedwonge hierdie ondernemings aan die staat oormaak, aangesien die voortsetting daarvan vir die welsyn van die volk gebiedend is. Gebeur dit, dan druk die staat nie alleen natuurlik sy eie stempel daarop af nie, maar eis hy gewoonlik ook alleenseggenskap. So het b.v. die C.N.O.-skole na die Anglo-Boereoorlog na die staat oorgegaan. Sulke oorgawes het sy voordele, omdat na die nood eis, met goeie gevolge en sonder veel verlies van tyd, kragte en koste opgetree kan word, èn as die regering of regeerder van die regte soort is, wat dit eerlik met die volk meen en vir die volk die hoogste en beste soek, wat God vir die volk bestem het, en wat hom vir die gesag van Gods Woord buig, dan is die nadele van sodanige oorgawe miskien nie te groot nie. Maar wie weet hoe lang so'n staat christelik bly? Die hierbo genoemde gevare bly by sodanige oorgawes aan die staat bestaan.

Maar wat ook al die oorsake mag wees, wat tot staatsabsolutisme aanleiding gee, die neiging van die state om absolute beheer oor alle sake en belange van sy burgers te verkry, kan ons oral bespeur. Dit word miskien wel ten toppunt gevoer in die sogenaamde diktatorstate, soos Italië, Duitsland en in die mees radikale vorm, in die Bolsjevisme van Rusland. In daardie lande is die staatsgesag en staatsmag feitlik gekonsentreer in 'n enkele persoon aan wie absolute seggenskap op alle gebied

oorgedra is, of wat dit vir homself toegeëien het. Daar het die staat by monde van een persoon, so te sê, alles te sê sonder perk of paal. Ons sou ons egter groteliks vergis as ons meen dat staatsabsolutisme alleen in die lande van diktatorskappe bestaan. Inteendeel, ook in demokratiese state is dit nie alleen moontlik dat die staat op alle lewensgebied ingryp en absolute oorheersing en mag verkry nie, maar tref ons daadwerklik ook duidelik tekens daarvan aan. Hierop skyn Suid-Afrika geen uitsondering te vorm nie. Ons sien ook hier hoe steeds meer en meer terreine onder die almag van die staat betrek word, en aan vrye inisiatief en nie-staatlike beheer onttrek word. As 'n mens die blik oor die wêreld en sy regeringe van vandag laat gly, dan skiet ons die woorde van die Psalmdigter te binne: „Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp." Want hierdie voortwoekering van die staatsalmag verwek woeling en gisting net waar 'n mens kyk; orals bemerk ons 'n gestoei tussen die magte om voorrang en oppergesag.

* * *

Hier by ons het die staat langsamerhand al dieper ingegryp in die belange van ander, en is hy besig om steeds verder in te gryp in die regte en besondere belange o.a. van die huisgesin, die skool, die ekonomiese lewe en selfs van die kerk. Hierdie voortwoekering van die staatsalmag is vir ons as Calviniste en as Afrikaners nie alleen gevaarlik en verderflik nie, maar prinsipieel verkeerd. Dit raak ons diep en tref ons hoogste beginsels en belange. Ons mag ons hier nie oorgee aan die slegte neiging, wat ons het, om alles maar gedwee te laat loop; inteendeel moet ons ons aan hierdie neiging ontworstel en op een of ander wyse tot ons eie redding optree.

Wat *die kerk* betref wil ons in die eerste plek wys op die goed bedoelde samewerking van kerk en staat i.v.m. die opheffing van ons armes. Hier skuil egter ongetwyfeld die gevaar, dat die staat al meer die taak van armeversorging uit die kerk se hande uitneem, en doen, wat die kerk eintlik behoort te doen. In hierdie samewerking tussen kerk en staat word die grense van beide teenoormekaar nie suiwer getrek nie, met die gevaar dat die staat op hierdie gebied die kerk gaan oorheers, en die kerk 'n wa van die staatstrein gaan word.

As ons egter afsien van die vraagstuk van armeversorging en op die houding van die regering van ons land teenoor die kerk in die algemeen let, sien ons nuwe sorgwekkende tekens van staatsabsolutisme. Ons wys besonders op die neiging van die staat, wat veral in die laaste tyd al meer dreigend begin te word, nl. om hom te bemoei met die optrede van die kerk en die invloed en seggenskap van die kerk aan bande te lê. Dit is seker 'n verskynsel wat meer as iets anders dien te strek om die oë van ons volk vir die gevaar van staatsabsolutisme te laat

oopgaan. Want oral word die leiding en invloed van die kerk langsamerhand uitgedu. Dit geskied nie net i.v.m. die kerk se leiding op onderwys-gebied nie, maar in veel erger mate op ander gebiede. Ons dink hier veral aan die bewering dat die kerk nie aan die „politiek'' mag deelneem nie. Ons laat in hierdie verband die vraagstuk of 'n predikant ook burgerregte het, en as burger juis ook politieke pligte het, daar. Ook die vraag of 'n predikant as kandidaat aan 'n politieke verkiesing mag deelneem, behandel ons nie. Want die probleem wat ons i.v.m. die dreigende staatsabsolutisme het, is die vraag of die kerk die reg en die plig het om die lig van Gods Woord ook te laat val op vraagstukke, wat in politieke kringe aktueel is. En juis hier word die kerk herhaaldelik en onvriendelik toegeroep: „Wie het jou tot regter aangestel?'' Sodra die kerk die lig van Gods Woord laat val op 'n vraagstuk wat die regering behandel, word hom so dikwels verwyt dat hy met „politiek'' besig is. Daarmee word aan die kerk die reg ontsê om ook aan die staat die „So sê die Here!'' te laat hoor. So beskou die verteenwoordiging van die staat hom as bo alle kritiek verhewe en geen verantwoording verskuldig aan iemand nie. Hy is dus absoluut en kan oral doen net wat hom behaag; hy mag nie gekritiseer word nie, of dit word as betreding van die politieke arena gewraak, omdat gemeen word dat dit kontrabande vir die kerk is om hom hierop te begewe.

In die algemeen reeds mag die beginsel van 'n oppermagtige en alleenmagtige staat op Bybelse grondslag en volgens Calvinistiese beginsels nie deur ons aanvaar word nie. Dit sou voer tot 'n verafgoding van die staat, 'n verheffing van die staat tot die posisie van God. Ons is geroepe om God te dien en Hom alleen te vrees. Die magte oor ons van Hom verorden, het wel gesag oor ons, maar alleen ontleende gesag. Dit mag nie verder strek as wat God, die Oppermagtige en alleen absoluut Gesaghebbende toegelaat het nie, die grense waarvan Hy in sy Woord bepaal het. Daar kom 'n perk waar dit moet heet: 'n mens moet vir God soos die drie jongelinge vir Nebukadnesar en die apostels vir die Joodse Raad laat verstaan het, meer gehoorsaam wees as vir die mens. As die mens, in watter posisie hy ook gestel mag wees, bevele uitvaardig in stryd met hoëre duidelik neergelegde verordeninge van God dan eis Gods Woord, en op grondslag daarvan die Calvinisme, dat die bestel van God nagekom en die bevel van die mens opsy geskuif sal word, want ook die owerheid is onderworpe aan die ordinansies van God. God alleen is absoluut soewerein. Alle mense, ook die staat, is gebind aan die eise van God en sy Woord. Vir wie op Bybelse en Calvinistiese grondslag staan, kan daar dus geen absolute gesag bestaan buite of in stryd met die gesag van God nie. Die draer van die boodskap van God, die verkondiger

van sy Woord, mag dus nie verhinder word om ook aan die staat te sê: „So sê die Here!'' nie. Alleen as die bedienaar van die Woord van God hom te buite gaan en nie verkondig wat waarlik Gods Woord is nie en sy eie meninge in die plek daarvan skuif, dan sou hom die verbod om te spreek kan opgelê word. Die toetssteen mag dus nie wees: „Politiek of nie politiek nie,'' maar: „Is die verkondigde Gods Woord, ja dan nee?'' As dit blyk dat dit die Woord van die Here is, al word dit ook veroordelend toegepas op huidige omstandighede, en al mag dit hoe dan ook indring teen die huidige politieke gang van sake en dit veroordeel en ondermyn—dan moet die Woord tog geld en die veroordeelde politieke beleid gestaak of daarvolgens gewysig word. Almal moet buig voor die Woord van God. Die: „So sê die Here!'' moet die end van alle teëspraak wees. So kan daar dan geen absolute menslike gesag wees nie. God alleen is absoluut en sy Woord is die laaste woord. Die kerk wat die Woord van God moet bedien mag hom dus nie laat afskrik van sy terrein nie. Dit is sy plig wat hy self op strawwe van die dood moet nakom om op alle lewensgebied die: „So sê die Here!'' in geen onduidelike klank te laat hoor nie. Die neiging om behendig tussen die klippe deur te wil stuur ten einde niemand aanstoot te gee nie, is 'n verderflike diplomatiese optrede in verkeerde skool geleer, wat allesins af te keur is en grootliks verantwoordelik vir die huidige betreurenswaardige toestand van sake gehou moet word. As die kerk hier steeds van sy pligte om te spreek probeer wegskram, dan word dit later van hom as sy plig verwag om hier te swyg; en as hy dan later anders sou wil optree, sou dit hom ten kwade gedui word en sy optrede as onchristelik bestempel word. Hierdie vernederende gevolge is dan sy eie skuld en verdiende loon, want hy het dan immers self die verkeerde vorm van christelikheid neergelê. Die kerk verloor also sy gesag en hy buig die gesag van God na die luim van die mens met die gevolg dat die mens sy God word en dikteer wat hy mag en nie mag verkondig nie. Vir so 'n kerk kan dan per slot van rekening niemand enige eerbied koester nie, en dit sal dan geen wonder wees as so'n kerk die vinger van God teen sy mure sien skryf: „Mene, mene, tekel ufarsin.''

Nee, die kerk het 'n dure roeping en sware verantwoordelikheid. Dit is sy taak om die lig van God se Woord onvervals, getrou en onverskrokke te laat hoor op alle lewensterrein—ook die van die staat. Daaraan moet hy getrou wees, of hy word uit die plan van God as nutteloos opsy geskuif. Verdagmaking van bedienaars van die Goddelike Woord, wat die Woord getrou en na waarheid en in opregtheid verkondig, is in grond 'n sataniese werk, wat bereken is om 'n herhaling van die paradys-episode te verseker en 'n gaos in die menslike same-

lewing te veroorsaak. Hierdie wapen word hier te lande telkens deur persone wat geen vriende van ons volk is nie en deur afgedwaaldes van die regte koers gebruik. Die staat mag nie toegelaat word om op hierdie gebied die septer uit die hand van die kerk te neem nie. Dit sou 'n wering van die kandelaar uit sy plek wees, en dit sou vir ons Afrikanervolk, wat op godsdienstige grondslag staan, 'n uitgrawing van sy fondament beteken. Dit sou die ligting van sy anker wees en 'n prysgee aan die woeste bare van die lewenssee met onberekenbare kwade gevolge. Daarom mag die kerk nie toegee aan die staatsabsolutistiese strewe, wat hom die swye oplê, waar hy geroepe is om te spreek en te waarsku. Die vryheid van die verkondiging van Gods Woord mag die staat die kerk nie ontneem nie. Die staat het geen reg om die kerk voor te skryf, dat hy net dele van die Skrif, wat geen direkte betrekking het op vraagstukke, wat ook die staat raak, mag verkondig nie. Christus is Koning van alle lewensgebiede, en die kerk moet sy koningskap bly verkondig, veral juis daar waar die staat 'n deel van die wêreld aan die koningskap van Christus wil onttrek.

Staat en kerk behoort eerder saam te werk en mekaar se werk aan te vul, waar beide, elk op eie terrein, geroepe is om die voortwoekering van sonde en gaos te stuit. Die kerk het die beskerming van die staat nodig, die staat op verskillende probleme die lig van Gods Woord, wat die kerk geroepe is om te versprei. Hierdie samewerking moet vrywillig wees, want die kerk mag nie die staat en die staat mag nie die kerk oorheers nie. In ons tyd bestaan die gevaar dat die staat die vrye woord van die kerk aan bande gaan lê, en daarteen is die kerk geroepe om hom met alle mag te verset.

Ook op *ekonomies gebied* eien die regering in ons land hom al meer seggenskap toe. Ook hier is duidelike tekens van 'n neiging tot staatsabsolutisme gegee. Dat die staat op ekonomies gebied 'n roeping teenoor sy burgers het, staan bo alle twyfel verhewe. Alleen maar het ons te let op die strekking en *modus operandi* van die staatsingryping in ekonomiese aangeleenthede, nie alleen waar dit die ondermyning van privaat inisiatief betref nie, maar veral waar dit die verlening van hulp aan en die versorging van armes betref.

Soos ons weet het die getal van armes in Suid-Afrika, en veral onder die geledere van ons eie volk, geweldige afmetinge aangeneem. Hiervoor kan baie oorsake opgenoem word, w.o. die feit, dat die landbou- en veeteelt-bedryf (waaraan die armes oorspronklik meestal verbonde was) aan die grootste wisselvalligheid onderworpe is, omdat droogte, siekte- en ander plae gedurig die land teister; verder die feit, dat die bemarking vir die boer ongunstig is, omdat die meeste winste, wat die boer moes verdien het, in die sakke van die handelsagente te

lande kom; ook die feit, dat die gevolge van die telkens terugkerende oorloë, plundering en verwoesting in die verlede juis die boere in besonder nadelig getref het en hulle ekonomiese vooruitgang gestrem het; dan ook die feit, dat baie van ons volksgenote, wat deur al hierdie omstandighede uit die boerderybedryf verdryf is, nie vakkundig opgelei was vir die arbeid wat die stede gebied het; en ten slotte veral die feit, dat ons volk op ekonomies gebied nog steeds 'n onderdrukte nasie is, en helaas nog altyd, veral as dit om werkverskaffing gaan, met die hoed in die hand moet sien of daar krummeltjies mog afval van die tafels van die here, wat hulle of hul gunstelinge laat val; hier gebeur dit dikwels nie alleen dat persone, wat geen Afrikaners is, bo Afrikaners bevoorreg word nie, maar ook dat ons verarmde volksgenote uit betrekkings gehou of ontslaan word om plek te maak vir die naturel met sy lae lone, wat natuurlik 'n onbillike konkurrensie is.

Wat ook al die redes van die verarming van ons volk mag wees, is sommige van ons Afrikaners tot so'n toestand van wanhoop gedryf, dat hulle armblankes geword het en 'n probleem vorm, wat ander as bloot ekonomiese of opvoedkundige behandeling vir herstel vereis. Liggame wat beter as die staat geskik sou wees om hierdie probleme aan te pak, kan dit uit gebrek aan fondse nie doen nie. Maar die staat het hier ook 'n roeping, waar die armes 'n deel van sy burgers uitmaak. Die strekking en die wyse van die hulp, wat die staat egter verleen, moet veroordeel word, omdat die staat absolutisties optree. Die staat brei sy magsgebied op so 'n wyse uit, dat dit nie alleen onoordeelkundig in sy hulpverlening optree nie, maar verslawend. Hy leer nie alleen ons armes om maar vir enige soort moeilikheid staatshulp in te roep nie, i.p.v. om hulle te leer hulle self te help, maar bind die armes op so'n wyse aan die staat dat hulle vryheid as burgers ondermyn word.

Die verkeerde wyse van optrede begin reeds by die skool, waar die kind reeds van kleins af geleer word om hom op liefdadigheid te verlaat, en die ouers verleer word om die verantwoordelikheid en sorg vir hul kinders te dra; dit word voortgesit in die hulpverlening aan volwasse armes. Die wyse waarop die staat al meer mag en seggenskap oor ons armes hom toeëien, is om die minste te sê, sorgwekkend.

Wat ons egter die meeste ongerus maak, is die gevaarlike verskynsel dat die staat die hulpverlening aan armes dikwels skyn te misbruik in belang van 'n toevallig aan die bewindsynde regering, m.a.w. dat die staat nie belangeloos en onbaatsugtig die armes probeer te red nie, maar die armes leer om die toevallige regering en die staat te vereenselwig deur staatshulp op so'n wyse te verleen, dat die armes aan die toevallig bestaande regering verplig word en hulle vrye regte as burgers ingekort

word. Dit geskied veral in verkiesingsveldtogte, waar die armes te verstaan gegee word, dat hulle vir 'n toevallig regerende party behoort te stem, omdat die staat hulle ondersteun. Hierdie vereenselwiging van die hele staat met die toevallig regerende party, en die verwagting dat die armes op grond van die hulpverlening nie hul stemreg vry mag uitoefen nie, werk 'n slaafse gees in die hand en laat die arme feitlik al dieper sink in plaas van dat hulle werklik omhoog verhef word. Hierdie staatsabsolutistiese neiging om die vrye burgerregte en burgeroortuiginge van hulle, wat deur die staat gehelp word, aan bande te lê, maak van hierdie armes meer en meer staatseiendom, slawe van 'n toevallig regerende party. Die regte *modus operandi* sou hier wees dat die staat, in sover nodig, en in sover dit op sy weg lê, die geldelike of ander middels verskaf, en nuwe werkgeleenthede skep, maar dat persone of liggame, met die nodige bevoegdheid en met die regte gesindheid, die werk van versorging en opheffing uitvoer, sonder die byoogmerk om die armes onder 'n valse verpligting te bring, en sonder dat die inisiatief en verantwoordelikheidsbesef van die armes ondermyn word.

In hierdie verband wil ons ook net wys op die gevaarlike en verkeerde staatsabsolutistiese neigings om alle lede van 'n toevallig regerende party in verantwoordelike liggame te benoem, of van een of ander werk te voorsien. Want dit alles werk slawediens in die hand. Dat so iets nie behoort te geskied nie, is reeds daaruit duidelik, dat die belasting wat gehef word nie alleen van lede van die regerende party gehef word nie. Dit is dan ook van belang, dat waar die staat (regering) sulke absolutistiese neigings openbaar, dit met alle mag bestry sal word.

Ten slotte wil ons nog wys op die gevaarlike en prinsipieel verkeerde optrede van die staat i.v.m. die verhouding *van huisgesin en skool*. Dit is opvallend om te sien hoe min seggenskap die ouers, die natuurlike en van God verordende opvoeders van die kind, oor hul kinders het. Vir die hele, tienjarige periode van verpligte skoolbesoek, wat gedeeltelik die mees ontvanklike tyd is, gaan die kind in 'n staatsinrigting skool; die seggenskap van die ouers in hierdie inrigting ontbreek geheel en al of is hoogstens nomineel. Dit geld veral van die Transvaal. Die staat maak miskien wel 'n soort van voorsiening daarvoor, dat ouers self, op eie inisiatief en volgens eie oortuiging vir die onderwys en opvoeding van hul kinders mag sorg, maar hiervan kan moeilik gebruik gemaak word, omdat fondse om skole in stand te hou so hoog is, dat die ouers dit nie kan dra nie. Al word dus hier met een hand die deur vir ouerregte oopgehou, word dit met die ander hand tog weer toegehou op grond van die finansiële laste wat aan die verkryging van hierdie ouer-

regte verbind is; sodat die staat per slot van rekening tog absolute mag op onderwysgebied feitlik bly behou.

Ook moet hier gewys word op die optrede van staatsweë om algemeen die beheer oor koshuise in te palm, waardeur die kinders nie net gedurende die vyf uur van skoolgaan per dag, maar ook gedurende die orige tyd onder staatsbeheer kom. Daardeur word die geleentheid vir die ouers om invloed op die opvoeding van hul kinders uit te oefen tot 'n hulpelose minimum gereduseer. So word die kind byna geheel en al aan die staat toevertrou en die ouers hul van God gegewe regte ontneem.

Dieselfde het ons weer, waar die staat dienspligtige seuns of jong mans na sy smaak vorm; ook hier lê gevare, waarvoor ons ons oë nie mag sluit nie.

Die toestand mag in ons land miskien nog nie so radikaal soos in Rusland wees nie; daar, sou ons kon sê, word ouers feitlik blote fabrieke van mense, waarmee die oppermagtige staat doen wat hy wil, omdat hy reken dat die kinders hom geheel en al toekom, d.w.s. staatseiendom is. Dit is dan ook duidelik dat alhier die beginsels en fondamente van die huisgesin ondergraaf en geheel ten gronde gerig word. Sover gaan die staat by ons nog nie, maar hy beweeg sig in dieselfde koers; en die gevaar is nie denkbeeldig nie dat die staat hom ook by ons in die mate 'n seggingskap oor die kind sal toeëien, as wat dit die geval in Rusland is. Dit is angswekkend om te sien hoe min seggenskap by ons die ouers nou reeds oor hul kinders het.

Ons moet, wat die kwessie van alleen- en onbeperkte seggenskap van die staat oor die onderwys betref, allereers let op *die eerste reg van die ouers.* God het bepaal, dat die voortbestaan van die menslike geslag in die algemeen en van volkere in besonder sou verseker word langs die weg van natuurlike voortplanting deur die ouers. Daarmee het hy 'n band gelê tussen ouers en kinders en tussen nasate en voorgeslag, wat seker nie aan getorring durf word sonder groot gevaar te loop om onberekenbare skade te berokken aan die mensdom in die algemeen en aan die volkere in die besonder nie.

Aan die hoof van die ses gebooie van die tweede tafel, wat bedoel is om die lewe van die mensdom onderling te reël, staan die vyfde gebod wat lui: „Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.'' Niemand kan hierdie gebod verontagsaam sonder om groot nadeel aan homself en sy toekoms te besorg nie, en niemand kan 'n klip in die pad lê tot uitvoering van die bevel sonder om 'n ontsaglike verantwoordelikheid op homself te neem nie. Ouers wat dus toelaat dat hier ingegryp word, en 'n owerheid wat hom die reg aanmatig om hier verkeerdelik in te gryp ten nadele van die eis van die gebod, maak hulle

stellig skuldig voor God en sal vroeër of later op een of ander wyse daarvoor moet boet.

Daar is nog meer Skrifplase vir die Calvinistiese beginsel, dat die kinders in die eerste plek aan die ouers behoort, en dat die ouers in die eerste plek vir die onderwys en opvoeding van die kinders verantwoordelik is. As die staat genoodsaak word om finansieel en met administrasie die ouers te help, omdat die staat ook belang by die onderwys van sy burgers het en omdat ons tyd 'n onderwysstelsel vereis, wat die ouers moeilik kan behartig, dan mag die staat die ouers nie die reg ontneem om in skoolkommissie of andersins oor die gees van die onderwys en opvoeding van hul kinders op skool te waak en die skool so te beheer, dat hulle hul volle verantwoordelikheid as ouers van hul kinders kan behartig nie. Want al gaan die kinders skool, hulle bly nog die ouers se kinders, en die ouers bly vir hulle verantwoordelik teenoor God.

As nou die staat, soos in ons land met sy gemengde bevolking, 'n algemene staatsonderwys vir alle seksies van die samelewing voorskryf, dan kan hierdie soort staatsabsolutisme onmoontlik bevredig. Op hierdie wyse kom die nasionale en die christelike opvoeding van ons volk nie tot sy reg nie, terwyl ons juis volgens Gods Woord, volgens die Calvinistiese beginsels daarop gebaseer, verplig is om ons kinders christelik en nasionaal op te voed.

Vir ons, as christene en as Afrikaners, is dit 'n hopeloos onbevredigende reëling, dat 'n onderwysbeleid van so'n algemene aard neergelê word dat alle seksies daardeur bevredig moet word, en dat dan van ons geverg word om vir die vorming en toerusting van ons kinders genoeë daarmee te neem. Ons tog glo dat God nasies in aanskyn geroep het en op besondere wyse ook ons volk; dat God vir elke nasie 'n bepaalde roeping gegee het, en alweer op besondere wyse 'n eie roeping vir ons eie volk. Ons glo dat elke nasie sy eie identiteit dien te behou en dat elke nasie as eerste plig het die taak om homself ten volle uit te bou om sy plek naas ander volkere in te neem, net soos elke boom op die veld sy eie plek moet vol staan en selfs elke klip sy eie plek moet vol lê. Met die oog op hierdie beginsels kan 'n algemene onderwysstelsel dan net strek om ons toekomstige nasie kleurloos en sonder rigting en ideaal te maak, sodat sy eie lede 'n blote speelbal van omstandighede word, en aan allerlei invloede bloot staan, egte haantjies-van-dietoring word. So 'n onderwysstelsel is ongetwyfeld groteliks verantwoordelik vir die koersloosheid van sovele onder ons volk, vir die herhaalde afwyking van ons voormanne van die regte koers, en vir die gereedheid van sovele van ons volk om telkens vir 'n lang end altans in die verkeerde voetspore te volg. 'n Neutrale onderwysstelsel moet, as dit doeltreffend toegepas

word, uitloop op die vorming van ruggraatlose en koerslose mense op nasionaal en religieuse gebied en moet dien tot die vorming van 'n geslag wat tot lewensleuse het: „Laat ons eet en drink want môre sterf ons.'' Sulke mense—dit spreek vanself —kan dan na alle kante toe met die lokaas van 'n skamele stukkie brood heen en weer gelei word. Hulle het geen idealisme nie; hulle sal nie goed en bloed vir 'n ideaal of oortuiging offer nie; hulle het geen beginsel- en karakter-vastheid nie. Vir die voortbestaan en ontwikkeling van ons nasie as christen-nasie is so'n neutrale onderwysstelsel verwerpelik. Die saam-skoolgaan van ons kinders met Jode en Roomse en allerlei liberaliste, en die ontvang van onderwys op sulke breë grondslag dat niemand en almal daarmee tevrede is, kan vir ons christelike oortuiging en grondslag nie anders as nadelig wees nie. So 'n stelsel is 'n poging om van ons alles te maak, en as 'n mens alles wil wees, is jy per slot van rekening niks nie.

Gelykgesinde ouers behoort hulle eie groepskole te hê en te beheer, hulle behoort die gees en rigting van hulle skole en daarmee die toekomstige vorming van hul kinders te bepaal, en hulle alleen kan dit die beste doen. Elke groep van gelykgesindes sorg so vir die onderwys en opvoeding van sy eie kinders. Die staat bepaal die standaard of hoogte van die onderwys, bepaal saam met die onderwysers en ouers die leerplan, en moet sover as nodig die finansiële en administratiewe beheer op hom neem. Die algemene gees en rigting van die onderwysstelsel sal sodoende aan die ideale en oortuiginge van ons Afrikanervolk reg laat wedervaar, christelik en nasionaal wees. Op ons groepskole kan ons die Bybel die ereplek laat inneem, wat hom toekom, en kan ons ons kinders volgens ons geloofsbelydenis laat opvoed en onderrig. Hulle sal hier beginselvastheid, vastheid van koers en karakter hul eie kan maak.

Op hierdie wyse moet ons die staatsabsolutisme, wat in ons onderwysstelsel ingedring het, oorwin.

Ook moet gewys word op 'n ander en ernstige gevaar van staatsabsolutisme, wat ons onderwysers in toenemende mate hul burgerregte wil ontneem. Ons dink hier aan twee sake. Die een is dat dit van die onderwyser almeer verwag word om op politieke gebied te swyg, waar hy juis gesonde leiding kon gee in die kring, waar hy hom beweeg. Die ander is, dat al meer van ons onderwysers verwag word om nie 'n gesonde Afrikaans-nasionale onderwys en opvoeding aan ons kinders te gee nie, maar 'n onderwys en opvoeding, wat aan die tradisies van ons Voortrekkers vreemd is, en waarmee alle onnasionale elemente in ons land hul kan verenig. M.a.w. die staatsabsolutisme neem in hierdie sake 'n imperialistiese kleur aan, wat vir die gesonde ontwikkeling van ons volk gevaarlik is. Die toekoms van ons volk is grotendeels juis in die hande van ons onderwysers en

hulle moet die vryheid hê om die kinders christelik-nasionaal op te voed in die gees van die ouers; en dit sal dan alleen reg kan geskied, as gelykgesinde ouers skole met gelykgesinde onderwysers het. Aan die burgerlike vryheid van ons onderwysers mag die staat nie torring nie. Hulle is nie net amptenare van die staat nie, soos die staatsonderwysstelsel dit wil hê nie.

Hoe dit sy, genoeg is gesê om aan te toon hoe gevaarlik dit vir ons christelike sowel as nasionale voortbestaan is om die staat absolute seggenskap op onderwys-gebied te laat toekom en beoefen, en hoe hoog tyd dit vir ons is om alle kleinlike verskille opsy te sit en as Afrikaners saam te span vir die redding van ons toekoms op christelik en nasionaal gebied.

* * *

Na ons nou gelet het op die gang na, die betekenis en gevaar van staatsabsolutisme veral op die paar gebiede, waarop dit veral ons Afrikanervolk besonder geld wil ons eindelik nogeens goed laat verstaan waarop staatsabsolutisme in volle konsekwensie deurgevoer moet uitloop, wat die eintlike grondslag daarvan is en wat ons ten slotte te doen staan.

Soos dit hom vertoon, waar dit in die praktyk gebring word, en soos dit hom ook nie anders kan vertoon nie, loop staatsabsolutisme uiteindelik uit op die vernietiging van die individuele, persoonlike vryheid van die mens. Hy word maar 'n gedweë skakel of ratjie in die staatsmasjinerie. Sy wetenskaplike, sedelike en godsdienstige vryheid, die vryheid om 'n mens se innerlike oortuiging te lug sal uiteindelik moet wyk en verdwyn. Die vryheid van ander organisasies en instellinge as die staat word aan die belange van die oppermagtige staat onderwerp, en verloor hulle vryheid. Die kerk, die gesin, die maatskappy, die pers, die handel, die boerebedryf, ensovoorts sal hulle vryheid moet inboet. Politieke mag word reg, en die ander soorte reg, wat God aan die mens en sy instellinge van nature en volgens die Bybel gegee het, word uiteindelik vernietig. Die staat word 'n afgod, wat hom in die plek van God stel, en alles vir homself opeis. Vir 'n demokratiese volk, soos ons volk dit by uitstek is, met sy ingewortelde vryheidsin, sal dit 'n bitter taak wees, om hom na so'n regime te voeg. Dit sal feitlik uitloop op 'n vernietiging van ons volk se aard. Terrorisme sal aan die bewind kom waar mense hulle hierteen versit. Maar ons moet ons daarteen versit, nie alleen omdat staatsabsolutisme vir ons volk gevaarlik is nie, maar veral omdat ons die Woord van God gehoorsaam moet wees, en die vryheid wat Hy die mens op alle lewensgebiede gegee het, ook aan die indiwiduele mens, in sy diens moet verdedig, handhaaf en uitwerk.

As ons let op die diktatorskap in Italië en Duitsland, dan moet ons toestem dat hulle baie goeds gedoen het om die volke ekonomies en nasionaal op te hef. Vir hul waarde mag ons

nie blind wees nie. Maar vir hulle gevare en vir wat in hulle verkeerd is, mag ons ook nie ons oë sluit nie. Die beginsels, wat aan die Fascisme en veral aan die Naziisme ten grondslag lê, kan nie met die beginsels van die Heilige Skrif gerym word nie. Alle gevare, wat die staatsabsolutisme saambring, tref ons ook in die diktatorskappe aan. Individuele vryheid, vryheid van kerk en godsdiens, vryheid van denke en wetenskap kan hier nie tot sy reg kom nie. Daarom moet ons hierdie stelsels veroordeel. As ons egter die stelsels van Naziisme en Fascisme veroordeel, en daarmee die beginsels van die regerende party (wat alle ander partye moet doodmaak), verwerp, wil ons daarmee die volke, die Duitsers en die Italiane, nie in hulle geheel veroordeel nie, want daar is onder hulle vele wat nie anders kan as om hulle aan die stelsels te onderwerp, maar die beginsels wat aan die stelsels ten grondslag lê, nie aanvaar nie. Daarom is Naziisme en Duitser-wees, of Fascisme en Italianer-wees, nie noodwendig dieselfde nie.

Die miskenning van indiwiduele, persoonlike regte, wat die staatsabsolutisme saambring, moet veroordeel word. God het die indiwidu stellig nie in aansyn geroep om geheel en al in die gemeenskap op te gaan nie maar om tot volle ontplooiing te kom en die plek naas andere in te neem en vol te staan. Gemeenskapslewe moet daar wees en sal daar wees en dit moet gereël word en onder beheer staan—dus moet daar 'n staat wees, maar net soos die Heer gesê het: „Die Sabbat is daar om die mens,'' so moet die staat ook daar wees om die mens en nie omgekeerd nie.

Dieselfde moet gesê word van groepe of instellinge, wat naas die staat bestaan. Ook hulle verhouding moet deur die staat gereël word, maar die staat mag ook hulle vryheid nie vernietig nie.

Alles moet egter per slot van rekening om God gaan. Die ideaal: „God alles in almal'' (1 Kor. 15:25) moet nagestreef en sal uiteindelik verwesenlik word. Nou is dit 'n eienaardige verskynsel, dat Satan die meester-nabootser, telkens ook hierdie ideaal op eie manier en vir eie doel soek na te aap. Soos God sy heilige samekomste verorden en by ons laat posvat het, so het hy ook sy teensamekomste waarheen hy verlok en verlei—teenoor huisaltaar rig hy kaartpartye, ens. op; teenoor erediens en nagmaalsviering het hy dansparty en swelgparty, ens. Dit is ontsettend om die dinge op te merk oral in die lewe as die mens se oë daarvoor oopgegaan het. So is hy ook besig om op grond van die menslike rede met verontagsaming van Gods Woord ook die idee van „alles in almal'' te probeer verwesenlik en dit wel in die almagtige al-enige staat. In die grond van die saak het ons dus hier te doen met die Antichris en dien die christen en die Afrikaner as telg van 'n kerngesonde christen-

volk hier op die hoede te wees en geen onsekere geluid van hom te laat uitgaan nie. Die gang en ontwikkeling van die staat en die strekking van sy optrede moet goed dop gehou en ernstig nagegaan word, en gesorg moet word, dat elke ongesonde uitwas dadelik raakgesien en in die kiem gesmoor word. Ons moet een en almal soos wagters op die mure van Sion staan en elke verkeerde of afwykende verskynsel dadelik rugbaar maak op watter lewensgebied ook al, en daaraan onmiddellik die hoof bied om die voortwikkeling daarvan te belet. Oor die algemeen is ons volk veels te agtelosig en sonder erg. Besluite word geneem, wetgewing gepasseer rakende hulle regte en terrein, en daar word opgetree sonder dat hulle dit weet of grotendeels besef. Hulle is byna soos Jona wat moes toegeroep word: „Wat makeer jou, dat jy so vas slaap?'' (Jona 1:6).

Elke lid van ons volk moet ontwaak, homself op hoogte van sake stel en probeer 'n besef kry van wat staatsabsolutisme is, wat die volle verwesenliking daarvan elders meebring en hier ten gevolge sal hê en hoever ons reeds op weg daarheen is. Om te wag tot dit eers daar is en dan in opstand daarteen te wil kom sou 'n bloedbad veroorsaak, 'n te dure prys verg en miskien ook te laat wees. Veel beter is dit om vooraf te besin, te besef en te voorkom. Miskien sou dit op die weg lê van ons kultuur-vereniginge om hier op te tree ten einde die publiek in te lig en wakker te hou, asook om rigting van handeling te verstrek.

Ongetwyfeld sou dit seker ook nie uit die weg van die kerk wees om hier voorligtend en besielend op te tree nie, aangesien ons kultuur en godsdiens albei hier op die spel is, en dit terreine is waar die kerk hom seker nie behoor afsydig te hou nie.

As hierdie artikeltjie sal bygedra het om aan die dink te sit, om oë te open en mense in beweging te bring—dan sal skrywer se moeite en opoffering meer as beloon wees. Mag die alarm dan verneem en ter harte geneem word.

Die gesonde ewewig tussen indiwidu en gemeenskap, tussen volk en staat moet gevind en behou word. Elke een soewerein op sy gebied tot eer van God sy ons leuse en wekroep.